Die Actuarius van die Suidelike Streeksinode van die N. G. Kerk van Tvl.

DIE PASTORIE, Foon 58-1909
~~THISTLEWEG 8,~~ Dwarsstraat 1,
~~PRIMROSE~~ Potchefstroom

11 Augustus 1960

Dr. F.E. O'B. Geldenhuijs,
Delystraat 57,
Sunnyside,
PRETORIA

Geagte Dr. Geldenhuijs,

Ek wil baie graag die volgende twee sake op hierdie wyse met u bespreek. Ek het gehoop dat ek nou die dag in Pretoria die geleentheid sou kry, maar die omstandighede was toe so moeilik, aangesien ek moes vertrek voordat die vergadering verby was, en u dus nie alleen kon sien nie. Nou stel ek dit maar by wyse van 'n brief.

1. Ek wil baie graag vra of dit nie miskien vir u moontlik sal wees om gedurende die maande Oktober tot Maart my deeltjie van die aktuariaat waar te neem nie. Ek weet u het nou weer baie nuwe ekstra dinge deur die afstigting en ander aktiwiteite, maar miskien is dit tog vir u moontlik om dit makliker te doen as vir iemand anders wat nie die kennis en ervaring het nie. Ds. Bey het ook gevoel dat ek u eers moet vra, en as u dan nie u weg daartoe oopsien nie, moet ons maar iemand anders nader. Ek sal baie innig dankbaar wees indien dit vir u moontlik sal wees.

2. Die tweede saak raak die kommissie van actuarii waarop ek nou glo as opvolger van Dr. Rex ook sitting het. Ek het van Ds. Davidz die notule van die vorige vergadering ontvang en daarmee saam ook die opdrag wat aan Dr. Rex toegewys was in verband met die aanpassing van die Wette en Bepalinge in geval van die aanvaarding van die nuwe kerkorde. Nadat ek met Ds. Davidz persoonlik oor die saak 'n gesprek gehad het, het ek op sy aandrang besluit om by u te vra of ons nie so spoedig moontlik 'n vergadering van dié kommissie kan hou nie, aangesien ek baie ernstig wil pleit daarvoor dat ons nie die Wette en Bepalinge nàás die kerkorde moet behou nie, maar in plaas van die Wette en Bepalinge agter die kerkorde 'n bundel „Riglyne" vir die gebruik van die kerklike vergaderinge sal voeg. Ek dink aan iets soos die Ordinansies van die Hervormde Kerk in Nederland, maar sonder „wetlike" sanksie, waardeur baie probleme uitgeskakel kan word, terwyl ons tog darem aan die kerkrade veral duidelike riglyne bied oor hoe in bepaalde gevalle opgetree kan word terwille van die orde. Ek vra baie nederig en mooi dat u asseblief u ernstige oorweging daaraan sal gee en 'n dergelike byeenkoms moontlik sal maak. Ek dink dit is in belang van die welsyn van die kerk.

Met die meeste agting, u jonger br. in Chr.,

Willie Jonker